# HERMAN SCHUTTE SE VUURTORING

Met die *Cape Town Gazette, and African Advertiser* se amptelike kennisgewing op die 11de Augustus 1821 dat „. . . a Lighthouse is about to be erected, without loss of time, on some conspicuous spot at the Entrance of Table Bay", word die geskiedenis van vuurtorings op Suid-Afrikaanse bodem ingelui. Hierdie berig was dan ook die voorspel tot die bou van Suid-Afrika se eerste vuurtoring — die só bekende gebou op die Groenpuntse kus van vandag.

Alhoewel die benaming „Groenpunt" reeds in die twintigerjare van die vorige eeu in gebruik was, is dit duidelik dat die grense van hierdie gedeelte van die Kaapse kus toe nog nie so bekend was nie. So verklaar die *Gazette* in 1823 dan ook baie versigtig dat 'n vuurtoring nou gebou word „on the projecting point of Land between the Great Mouillé, or Moulin Battery, and Three Anchor Bay, under the Lions Rump at the Entrance of Table Bay".[1] Hoekom word hierdie „projecting point of Land" nie op sy naam genoem nie? Reeds so vroeg as die jaar 1815 (en ook nog miskien vroeër) word in die oorspronklike akte van die grond waarop die vuurtoring later gebou sou word, die naam „Groene punt" gebruik.[2] Die rede vir die *Gazette* se vaagheid is dus nie toe te skryf aan Groenpunt se onbekendheid in daardie jare nie, maar bloot omdat hierdie strandjie in 1821 nog so betreklik onbewoon en onbelangrik was en baie min mense presies geweet het waar Groenpunt begin en waar dit eindig. Miskien kan die *Gazette* ook nie kwalik geneem word nie: tot vandag word daar nog steeds deur Kaapstadse inwoners verwarrend gepraat van die Mouillepuntse vuurtoring in plaas van die Groenpuntse vuurtoring!

Slegs 'n oppervlakkige studie van skeepswrakke sedert omstreeks 1800 is voldoende vir die navorser om in te sien waarom die bou van 'n vuurtoring op die Kaapse kus 'n dringende noodsaaklikheid in hierdie periode geword het.[3] Sir J. Brenton, 'n man wat van ondervinding kon praat, verklaar bv. in 1823: „To prevent the recurrence of such calamities (stranding van skepe) is I fear impossible, but the lighthouse may certainly be the means of diminishing their number".[4] In 'n verslag gelewer aan die vuurtoringkommissie van 1849, tref ons egter die beste beskrywing aan waarom die Groenpuntse vuurtoring opgerig is: „It is intended to prevent vessels, entering Table Bay by night, from getting or running upon the reef which extends to the northward of it about a 1/3d of a mile and also as a guide to the anchorage . . ."[5]

1. *Cape Town Gazette, and African Advertiser*, 28/9/1821.
2. Vgl. Akte nr. 26 van 1815, Akteskantoor, Kaapstad.
3. Vgl. R. F. Kennedy se *Shipwrecks on and off the coasts of Southern Africa*, Johannesburg, 1955.
4. Sir J. Brenton aan J. Barrow, 10/6/1823, Theal, G. M.: *Records of the Cape Colony*, Vol. XVI (1823-1824), p. 62.

Gelukkig vir die seevaart en ondersteuners van 'n vuurtoring, was die waarnemende goewerneur sir Rufane Donkin, 'n man wat hierdie saak sterk ondersteun het. Deur sy toedoen is die vuurtoring dan ook uiteindelik opgerig.

Die keuse vir die bou van 'n vuurtoring het op die bekende Herman Schutte geval. Dit was in meer as een opsig 'n gelukkige keuse. Gebore in Bremen, Duitsland (1761), emigreer Schutte in 1789 na die Kaap en vestig hom in Kaapstad.[6] As beeldhouer en argitek van beroep word hy ook in 1813 aangestel as regeringslandmeter. In 1820 behaal hy die onderskeiding om as inspekteur van regeringsgeboue benoem te word.[7] Teen 1820 was Schutte dus alreeds goed bekend by die Engelse Regering aan die Kaap. Sy knap bouwerk was algemeen bekend sodat mens kan aanneem dat sy tender in 1821 vir die vuurtoring slegs 'n formaliteit was.[8] Ook moet onthou word dat Schutte nie alleen 'n boukontrakteur van beroep was nie, maar ook 'n man was wat self geboue kon ontwerp.[9] Dit sou beslis as aanbeveling gedien het.

Schutte het sy beraming van die boukoste op die 12de September 1821 by die koloniale sekretaris, kolonel Bird, ingedien. Sy „estimate of the Expense that will attend to erect a Light House at the Sea Point (verwar met Groenpunt), near Three Anchor Bay", het voorsiening gemaak vir twee moontlikhede: Eerstens het hy sy beraming op 10,500 Rds gestel vir 'n vuurtoring met 'n soliede vierkantige pilaar en een lantern bo-op; as alternatief, het hy in die tweede plek ook die koste van 'n vuurtoring met twee lanterns ingesluit en dit beraam op 13,400 Rds.[10] Laasgenoemde tender is deur sir Rufane Donkin op die 18de September 1821 goedgekeur.[11]

Vier dae voor die finale goedkeuring aan Schutte se tender verleen is, nl. op die 14de September 1821, het die bouwerk in aanvang geneem.[12] Aangesien daar twyfel bestaan oor wie die oorspronklike plan van die vuurtoring ontwerp het, en waar hierdie plan nou berus, is dit nodig dat ons allereers hieroor duidelikheid verkry.

Daar is in die verlede al baie bespiegel oor wie verantwoordelik was vir die optrek van die bouplanne. In sy verdienstelike nuwe boek oor die argitektuur, skryf Ronald Lewcock dat die vuurtoring waarskynlik in Engeland ontwerp is.[13] Izak W. van Tonder meld in sy werk oor

5. Hawe-kaptein aan Vuurtoringkommissie, 28/6/1849, nr. 33 in C.O. 4392: Arrears, 1849 (Kaapse Argief: voortaan K.A.).
6. Vgl. Hoge, J.: *Personalia of the Germans at the Cape*, p. 384, Argief-Jaarboek vir S.A. Gesk., 9de Jaargang, 1946.
7. Ibid.
8. Vgl. voetnoot 10.
9. Vgl. voetnoot 16.
10. Schutte aan Bird, 12/9/1821, Theal: *Records of the Cape Colony*, Vol. XV, p. 232.
11. Somerset aan Bathurst, 17/1/1823, Theal: *Records of the Cape Colony*, Vol. XV, p. 233.
12. Schutte aan Bird, ongedateer, nr. 50 in C.O. 187: *Letters Received from Private Individuals*, 1823 (K.A.).
13. Lewcock, R.: *Early Nineteenth Century Architecture in South Africa*, p. 288, Kaapstad, 1963.

Kaapstad dat „die oorspronklike plan, waarskynlik deur Anton Anreith opgestel is".[14] Hierdie twee werke word genoem, slegs om aan te toon hoe daar rondgetas is na 'n antwoord. Beide „waarskynlikhede" van bogenoemde twee skrywers is vir my egter onaanvaarbaar. Lewcock grond sy bewering op die boustyl waarvolgens die vuurtoring gebou is. Geen bron kon egter opgespoor word om hierdie stelling te bevestig nie. Trouens, ons weet nou dat die oorspronklike plan hier ontwerp is, soos dit dan ook duidelik sal word in die volgende paragraaf. Wat Anreith as moontlike argitek betref, verdien om nader ondersoek te word: Schutte het 'n groot bewondering gekoester vir sowel Anreith as Thibault se werk. So was hy dan ook die trotse besitter van sommige van Anreith en Thibault se tekeninge na laasgenoemdes se dood.[15] Schutte se bewondering vir hierdie manne se werk, het dan ook 'n invloed op sy geboue gelaat. Miskien is dit om hierdie rede dat sommige van Schutte se geboue sekere ooreenkomste toon met die van Anreith se ontwerpe. Om nou egter te gaan beweer dat Anreith moontlik die ontwerper van die vuurtoring was, is baie gewaagd. Eerstens, was dit Schutte self wat die oorspronklike plan onderteken, en verklarende aantekeninge bygevoeg het (sien foto). Tweedens is dit bekend dat Schutte dikwels met groot kontrakte wat hy onderneem het, ook die argitek daarvan was. So het hy bv. opgetree as boukontrakteur en argitek van die huidige Groote Kerk.[16] Uit bogenoemde is daar vir my net een gevolgtrekking: Herman Schutte was die ontwerper van die oorspronklike bouplan.

Schutte se plan van die vuurtoring het opsigself 'n interessante geskiedenis. Teen die einde van 1821 keer goewerneur Somerset terug van sy vakansie in Engeland, en vind 'n hele bedrywigheid op Groenpunt. In 'n brief gerig aan die staatsekretaris, lord Bathurst, skryf Somerset dat Donkin die bou van 'n vuurtoring goedgekeur het tydens sy afwesigheid, maar dat hy geen amptelike magtiging daarvoor kan vind in die koloniale kantoor nie. Daarbenewens het Donkin die bouplanne met hom saamgeneem sonder om enige kopie daarvan agter te laat.[17] Hierdie mededeling is al genoeg rede vir die navorser om te frons. Teleurstellender ontdekkings sou egter nog kom: Nadat die bouplan aansienlike wysigings ondergaan het, en die vuurtoring daarvolgens eindelik voltooi is, skryf Schutte aan die koloniale sekretaris, sir Richard Plasket, om vergoeding te vra vir die ekstra onkoste wat ontstaan het a.g.v. die wysigings. Hy meld in sy brief van 'n volledige plan wat hy insluit, en wat ter verduideliking moet dien vir die veranderinge wat daar aan die toring aangebring is.[18] Dié plan ontbreek egter in die betrokke dokument waar dit moet berus. Trouens, geen spoor van hierdie doku-

14. Van Tonder, I. W.: *Van Riebeeck se Stad*, p. 125, Kaapstad en Johannesburg, 1950.
15. De Bosdari, C.: *Anton Anreith: Africa's First Sculptor*, p. 42, Kaapstad, 1954.
16. De Bosdari: Ibid., p. 41 en Hoge, Ibid., p. 384.
17. Somerset aan Bathurst, 17/1/1823, Theal: *Records of the Cape Colony*, XV, pp. 231-233.
18. Schutte aan Plasket, 5/8/1825, nr. 285 in C.O. 235: *Letters Received from Private Individuals*, 1825 (K.A.).

ment kon in die Kaapse Staatsargief gevind word nie — behalwe 'n dowwe aantekeninkie in potlood op Schutte se brief wat meld dat die plan aan kaptein Owen (vermoedelik die bekende W. F. W. Owen) oorhandig is, en dit toe nooit weer terug gestuur is nie.[19] Die uiteindelike bestemming van hierdie oorspronklike dokument sal dus waarskynlik altyd 'n onopgeloste probleem bly. Die enigste moontlikheid wat oorgebly het, was om te probeer vasstel of daar 'n kopie van hierdie plan in die *Public Record Office,* Londen, berus. Intussen het die Kaapse Staatsargief gelukkig 'n fotostaat van hierdie plan bekom en was baie probleme opgelos.

Schutte was reeds 'n man van sestig jaar toe hy die bou van die vuurtoring onderneem het. Waarskynlik het hy dus nie self veel aan die eintlike bouery deelgeneem nie. Daarvoor het hy dan ook genoeg werkslui in diens gehad: Agt-en-twintig in getal, waarvan twee blankes was.[20]

Nadat die bouwerk al aan die gang was, het die koloniale sekretaris aan Schutte opdrag gegee om die plan so te verander dat die gebou ook huisvesting kon bied aan 'n opsigter.[21] Die plan moes gevolglik aansienlike veranderings ondergaan, so ook die half-voltooide gebou (sien foto). Waar die oorspronklike konstruksie solied sou wees, is daar nou woonkwartiere ingerig. Behalwe die grondverdieping sou daar nog drie vertrekke wees; die een bo die ander. Die wenteltrap na die lanterns is net so behou.

Aan boumateriaal moes Schutte sy hand diep in die sak steek. Die toring alleen is gebou met 6,500 stene terwyl die fondamente met sestien wavragte plat klippe gelê is. Verder is ook nog 780 vloerplanke, 64 kub. vt. geelhout, 'n groot hoeveelheid kalk en 480 lb. lood (vir die dak) gebruik.[22]

Die bouwerk het betreklik stadig gevorder as in aanmerking geneem word dat daar heelwat arbeiders in diens was, en die gebou tog nie klaar was voor die 16de Junie 1823 nie. Die veranderinge aan die gebou en die stormagtige weer wat tydens die winter van 1822 aan die Kaapse kus gewoed het, moes egter hiervoor verantwoordelik gewees het. Die stormweer het die toé nog onvoltooide gebou sodanig beskadig dat Schutte praat van die „severe and heavy losses I suffered in the progress of this work".[23]

Die Groenpuntse vuurtoring was in 1823 een van die weinige geboue langs hierdie deel van die Kaapse kus. Dit moes bepaald die belangstelling van verbygangers getrek het. Die afgekalkte vierkantige toring van ongeveer 68 vt. hoog,[24] sou ook Herman Schutte se trots gewees het.

19. Ibid.
20. Schutte aan Bird, ongedateer, nr. 50 in C.O. 187: *Letters Received from Private Individuals,* 1823 (K.A.).
21. Sien voetnoot 18.
22. Sien voetnoot 20.
23. Sien voetnoot 18.
24. Sien voetnoot 5. Vgl. ook Kaart nr. 1/1402, Kaarteversameling (K.A.).

En ook nie sonder rede nie: Die gebou was deeglik en sterk gebou; elke verdieping se vloer was met dik kiaathoutbalke gesteun. Die lanterns het op 'n stewige versterkte dak gerus, die wenteltrap is ook van pragtige kiaathout gemaak terwyl die grondvloer met klipteëls uitgelê is. Die geweldige dik mure is iets besonders om te aanskou en beïndruk besoekers nog elke dag.

Op die 7de Julie 1823 stuur Schutte sy rekening aan die Britse regering. Hy noem in sy brief dat die rekening 5,200 Rds méér is as die oorspronklike kwotasie van 13,400 Rds omdat daar afgewyk is van die oorspronklike plan en ook vanweë die skade wat hy gely het in die winter van 1822.[25] Schutte sou baie lank vir sy geld wag. Somerset wou nie die bedrag laat uitbetaal voordat hy sekerheid gehad het omtrent die geldigheid van Schutte se ekstra eis van 5,200 Rds nie. In Augustus 1825 skryf Schutte 'n dringende aanmaning en verduidelik opnuut aan die nuwe koloniale sekretaris, sir Richard Plasket, die rede waarom die bedrag nou groter is.[26] Ongelukkig vir die ou kontrakteur was daar i.v.m. die gewysigde plan niks op skrif gestel in die Koloniale Kantoor nie. Somerset kon uit die aard van die saak ook nie net op Schutte se woord staat maak nie sodat hy ten einde raad die rekening van die vuurtoring aan die Minister van Kolonies in Engeland voorgelê het. Laasgenoemde het dadelik met Donkin in verbinding getree om opheldering van die saak te verkry.[27] Donkin het geantwoord dat hy goed onthou van 'n gewysigde plan wat aan hom vir goedkeuring voorgelê is, maar sover hy kan onthou was daar geen melding gemaak van 'n bykomende bedrag nie.[28] Hoofsaaklik deur Somerset se bemiddelling ontvang Schutte uiteindelik (nadat hy weer 'n dringende versoek tot die Regering gerig het) in Januarie 1826 die bedrag aan hom verskuldig.[29] Sy eis om vergoeding vir die ekstra uitgawes wat hy noodwendig moes aangaan om die stormskade aan die gebou te herstel, is egter nie toegestaan nie. Soos ons later sal sien, het die Regering later ook hierdie bedrag aan hom toegestaan, nadat dit geblyk het dat die gebou besonder deeglik gebou is.

In November 1823 het die Groenpuntse vuurtoring sy eerste bewaarder gekry. John Fell is aangestel as opsigter en die persoon wat moes sorg vir die aansteek en uitdoof van die lanterns. Hy moes 'n genoegsame voorraad lampolie byderhand hou en 'n wakende oog hou oor die algemene toestand van die gebou.[30]

25. Schutte aan Bird, 7/7/1823, nr. 49 in C.O. 187: *Letters Received from Private Individuals*, 1823 (K.A.).
26. Sien voetnoot 18.
27. R. W. Hay (namens Bathurst) aan Donkin, 24/12/1825, Theal: *Records of the Cape Colony*, Vol. XXIV, p. 156.
28. Donkin aan Hay, 19/1/1826, Theal: *Records of the Cape Colony*, Vol. XXV, pp. 323-324.
29. Bathurst aan Somerset, 21/1/1826, Theal: *Records of the Cape Colony*, Vol. XXIV, p. 345.
30. Fell aan Bird, 11/11/1823, nr. 78 in C.O. 187: *Surveyor of Lands, Inspector of Buildings etc.*, 1823 (K.A.).

Die vuurtoringbewaarder het dadelik gesien dat die gebou nie ruim genoeg was om hom én sy gesin behoorlik te huisves nie. Die inspekteur van geboue het met Fell saamgestem dat daar 'n buitekamer aangebring moet word sowel as sekere veranderinge binne die gebou.[31] Hiervoor is dadelik tenders gevra. Twee kwotasies is ontvang: Schutte wat weer een van die kwoteerders was, het vir die bou van 'n buitekamer (27 vt. x 21½ vt. x 11 vt.) die prys op 2,250 Riksdaalders, 4 Stuiwers gestel;[32] kompetisie in die persoon van George Gilbert, sou egter hierdie keer vir Herman in die wiele ry. Gilbert se tender is ses dae na dié van Schutte ontvang, maar tog goedgekeur vanweë die kleiner bedrag, nl. 1,750 Rds.[33]

Hoe hierdie buitegebou presies gelyk het, sal moeilik vasgestel kan word en is buitendien nie soveel van belang nie. Hoewel daar 'n hele paar vroeë tekeninge van die vuurtoring bewaar gebly het, toon slegs een van hulle, 'n buitegebou.[34] Ons weet wel dat Schutte se tender voorsiening gemaak het vir 'n gebou van klip met 18 dm. dik mure, maar sy aansoek is nie aanvaar nie. Waarskynlik was dit 'n houtgeboutjie — soos bogenoemde foto dan ook aantoon. Hoe dit ookal was, die buitegebou en die kleiner veranderings binne die gebou is teen die einde van Maart 1824 voltooi[35] en John Fell kon hom nou behoorlik vestig en inrig as die eerste vuurtoringbewaarder in Suid-Afrika.

Son-onder, die 12de April 1824, is die Groenpuntse vuurtoring amptelik in gebruik geneem.[36] Die lanterns wat deur die firma W. Le Pante, Parys, verskaf is, het blykbaar foutloos gewerk want vir die eersvolgende paar maande word daar geen klagtes deur Fell geopper nie.[37] Daar word beweer dat die vuurtoring na slegs 'n paar maande uitgedoof is en so vir 'n lang tydperk ongebruik gestaan het. P. W. Laidler wat hierdie bewering in sy boek, *The Growth and Government of Cape Town*, maak, verkry waarskynlik sy inligting uit 'n brief van sir Rufane Donkin aan Lord Bathurst waarin eersgenoemde Somerset kritiseer oor sekere projekte wat deur hom (Donkin) aangepak is en wat toe deur Somerset weer gestaak is. In verband met die vuurtoring verklaar Donkin beskuldigend: „The completion of the Light House, in Table Bay, which I had begun, and had announced by public advertisement at the Cape, and to Lloyd's; giving navigators to understand, that it would be lighted on named day; but, on a plea of economy, as I have been told, with the expenditure at Newlands going on in sight of it, this important edifice was stopped on my departure,

31. W. Jones aan Bird, 16/12/1823, nr. 29 in C.O. 199: *Surveyor of Lands, Inspector of Buildings etc.*, 1823 (K.A.).
32. N. Schutte (seun van Herman) aan Bird, 16/12/1823, bylae tot nr. 29, C.O. 199 (K.A.).
33. Gilbert aan Jones, 22/12/1823, nr. 30 in C.O. 199 (K.A.).
34. Vgl. De Kock, V.: *Ons Drie Eeue*, Kaapstad, 1952, p. 44.
35. Jones aan Brink, 29/3/1824, nr. 19 in C.O. 221: *Surveyor of Lands and Inspector of Buildings*, 1824 (K.A.).
36. *The Cape Town Gazette and African Advertiser*, 9/4/1824.
37. In verband met die lanterns vgl. C.O. 4392, nr. 33 (K.A.).

and was not lighted for very many months after — whether any ships were lost or no, . . .".[38] Donkin verval egter hier in 'n hele paar ernstige onwaarhede: Dit is wel waar dat hy die bou van die vuurtoring gelas het, maar dit was nie hy wat by wyse van 'n amptelike kennisgewing, aangekondig het dat die vuurtoring op 'n bepaalde datum in gebruik geneem sal word nie. Hierdie kennisgewing is trouens eers in April 1824 gepubliseer, d.w.s. meer as twee jaar nadat Donkin die Kaap verlaat het! Blykbaar verwys Donkin na sy kennisgewing op die 28ste September 1821. Hierin word egter geen datum genoem wanneer die vuurtoring sal begin funksioneer nie.[39] Skepe is dus wel in kennis gestel van 'n vuurtoring wat gebou word, maar geen datum is verstrek wanneer die lanterns aangesteek sou word nie. Daarenteen verklaar Donkin uitdruklik verder in sy brief: „. . . from having been told they would see a light after a given period on entering Table Bay, and not finding it, is more than I can tell". Daar was geen „given period" nie, daarom moet sy beskuldiging as ongrondig beskou word. Donkin verklaar ook dat die vuurtoring se bou gestaak is kort na sy vertrek. Nêrens word daar egter in amptelike bronne hiervan melding gemaak nie. Agt maande na sy vertrek was daar wel 'n vertraging in die bouwerk a.g.v. die skade wat deur 'n storm aan die gebou aangerig is, maar die bouwerk het nooit heeltemal totstilstand gekom nie — ook nie a.g.v. te min fondse nie, soos hy wil beweer. Donkin het dus òf oor inligting beskik wat ons nie meer vandag sal kan kontroleer nie, òf hy is verkeerdelik ingelig. Laasgenoemde skyn vir my die aanneemlikste te wees.

Die tyd alleen sou leer of Schutte se gebou sy sout werd was of nie. In 1829 word daar deur die siviele ingenieur en regeringsargitek die volgende verslag oor die vuurtoring aan die regering voorgelê: „We are of opinion that it is a substantial building likely to last a great number of years. We are induced to think so, from the thickness of the walls, the good condition in which they have continued since built (seven years ago) and their having stood a great many heavy storms without shewing any cracks or other symptoms of having been affected thereby — the two lanterns likewise exhibit the same degree of stability".[40] Hierdie gunstige verslag het daartoe gelei in 1832 dat Schutte se eis om skadevergoeding (tien jaar tevore!) einde ten laaste aan hom uitbetaal is.[41]

38. Donkin aan Bathurst, onder opskrif: Important Additions to a Letter on the Govt. of the Cape of G.H., under Lord C. Somerset, addressed to Lord Bathurst, by Lieut.-General Sir. R. Donkin, Theal, *Records of the Cape Colony*, Vol. XXXI, pp. 354-355. Opskrif, p. 345.

39. Vgl. voetnoot 1.

40. Mitchell en Skirrow aan Bell, 30/6/1829 in C.O. 370, nr. 119: *Letters Received from Surveyor General and Government Architect*, 1829 (K.A.).

41. Cole aan Goderich, 27/3/1832, p. 24 in G.H. 23/10: *Despatches to Secretary of State*, 1832 (K.A.).

Uit latere rapporte oor die Groenpuntse vuurtoring blyk dit dat die gebou uitstekend geskik was vir die doel waarvoor dit opgerig is.[42] Die lig van die lanterns was vir 13 myl oor die see sigbaar[43] en het slegs twee gelling olie per nag verbruik.[44] Teen 1865 was die vuurtoring voorsien van 'n nuwe ligapparaat wat in die rondte kon draai. Reeds in 1842 is daar ook 'n assistent-vuurtoringbewaarder aangestel om behulpsaam te wees met die versorging van die lanterns. Nadat die nuwe lantern in gebruik geneem was, het dit geblyk dat die bewaarder en sy assistent hulle hande vol gehad het met die gedurige opwen (elke twee uur) van die apparaat.[45] Later sou dit ook egter verbeter word.

In 1842 is Suid-Afrika se tweede vuurtoring voltooi.[46] Hierdie vuurtoring wat tereg die Mouillepuntse vuurtoring genoem is, was maar slegs 1,215 jaarts vanaf die oue opgerig.[47] Die doel daarvan was hoofsaaklik om skepe veilig die hawe binne te lei. Die toring was ook vierkantig maar is later gesloop om plek te maak vir 'n ronde konstruksie. Met voltooiing van die breekwater in die Kaapse hawe teen 1908, is hierdie vuurtoring ontruim en afgebreek. 'n Rooi lig op die nuwe breekwatermuur is kort daarna opgerig om hierdie vuurtoring te vervang.[48]

Die Groenpuntse vuurtoring het egter bly staan. Dit het as 't ware jongeres gesien kom en gaan! Baie min veranderings is met die jare aangebring: Twee vertrekke is later aan weerskante van die toring aangebou asook enkele kleiner veranderinkies binne die gebou.[49] Basies het alles gebly soos dit in 1824 voltooi is. Waarlik 'n tasbare nagedagtenis aan die knap en deeglike Herman Schutte.

J. C. Visagie.

42. Vgl. bv. Mitchell aan Bird, 30/9/1834, nr. 181 in C.O. 425: *Surveyor General & Govt. Architect*, 1834 (K.A.).

43. Kaart nr. 1/1404, Kaarteversameling (K.A.).

44. Hertzog aan Koloniale Sekretaris, 6/7/1841, nr. 73 in C.O. 496: *Letters Received from Surveyor General & Civil Engineer*, 1841 (K.A.).


45. Robinson aan Southey, 1/7/1865, nr. 120 in C.O. 837: *Colonial Engineer*, 1865 (K.A.).

46. Napier aan Stanley, 15/3/1842, p. 6 in G.H. 23/14: *Despatches to Secretary of State*, 1842 (K.A.).

47. Sien voetnoot 5.

48. *Annexures to the Votes and Proceedings of the House of assembly*, G. 9, Vol. 1, 1907: *Report of the Lighthouses Commission*, 1906.

49. In 1929 is die lig tot sy huidige sterkte van 850,000 kerskrag verskerp nadat oorgeskakel is na elektrisiteit. Met ingang 1926 was die toring ook voorsien van 'n diafoniese mishoring wat elke 30 sekondes drie sekondes lank 'n diep klank laat hoor as dit in werking gestel word.


A.B.C.
B
C
D
A

'n Afdruk van Herman Schutte se plan van die Groenpuntse vuurtoring verskyn op bladsy 213.[50] Hierdie oorspronklike kopie (wat waarskynlik nog nooit vantevore gepubliseer is nie) toon die gebou soos dit oorspronklik beplan was (figuur C) en ook soos dit daar uitgesien het na sekere veranderings aangebring was (figuur D).

50. Hierdie plan berus in die *Public Record Office*, Londen. 'n Fotostatiese reproduksie hiervan is egter ook te vinde in die Kaapse Argief (Kaart nr. 1/1789, Kaarteversameling).